



IMBRIKAATKAKTUS

deur HILDEGARD DE BEER
Onderafdeling Onkruid en Plaagdoders
Navorsingsinstituut vir Plantbeskerming

Die imbrikaatkaktus *Opuntia imbricata* (Haw.) (D.C., familie Cactaceae) word reeds vanaf die vyftigerjare in Suid-Afrika as 'n plaag beskou op grond van sy geweldige vermoë om weiveld in te neem, asook die geniepsige dorings waardeur diere ernstig beseer kan word. Hoewel dit nie so aggressief is as die litjieskaktus (*O. aurantiaca*) of roseakaktus (*O. rosea*) nie, is dit tog van die uiterste belang dat grondeienaars dit moet herken en uitroei waar dit ook al voorkom, voordat dit ernstige probleme veroorsaak.

Imbrikaatkaktus staan ook bekend as kabelturksvy, toukaktus of skubkaktus. Die algemene Engelse naam is "imbricate cactus", terwyl die naam "imbricate prickly pear" ook soms gebruik word.

MORFOLOGIESE BESKRYWING

Imbrikaatkaktus is 'n oop, regop, vertakte vetplant, tot 4 m hoog. 'n Groot aantal silindriese stingellitte groei met enige hoek uit die hoofstam,

wat 'n deursnee van 6 tot 18 cm het. Die dofgroen stingellitte is nie afgeplat soos in die geval van die turksvy nie, maar vertoon rond in dwarsnee. Die litte word tot 38 cm lank en 4 cm in deursnee, en is oortrek met langwerpige, verheve riffies wat aan die lit die voorkoms van 'n gevlegte tou verleen. Elke riffie loop uit op 'n ronde merkie of areool met 'n groep van 8 tot 30 lang, skerp, spreidende dorings wat tot 3 cm lank kan word. Elke doring is aanvanklik omhul van 'n bleekgeel tot witterige, papieragtige skede, wat maklik afgetrek kan word om die bruinerige doring bloot te stel. Die fyn weerhakies op die dorings veroorsaak dat 'n doring wat 'n dier se vel binnegedring het, al dieper ingetrek word. Wanneer die stingellitte nog jonk is, het dit klein, skerp puntige blaartjies, wat egter geleidelik afval soos die stingellit ouer word.

Op die punte van die stingellitte verskyn daar gedurende November groepies dowwe, persrooi blomme, ongeveer 4 cm in deursnee, wat elk oorsprong gee aan 'n ovaalvormige, geel vrug, omtrent so groot soos 'n groterige pruim. Aanvanklik is die vrug bedek met knoppe, maar dit



FIG. 1 - 'n Tipiese imbrikaatkaktus



FIG. 2 - Imbrikaatkaktus met blom



FIG. 3 - Groot imbrikaatkaktusse met cochenille besmet, besig om dood te gaan

word later feitlik glad. Die vrug bevat 'n groot aantal dofgeel, afgeplatte, niervormige, slymbedekte sade. Die vrugte bly gewoonlik 3 tot 5 jaar aan die plant.

Roseakactus, wat moontlik met imbrikaatkactus verwar kan word omdat albei donkerpienk blomme dra, verskil van imbrikaatkactus in die volgende opsigte: roseakactus is kleiner (tot 1,5 m hoog), het 'n baie digter, wit doringbedekking, en is 'n stewige, kompakte plant. 'n Ander verwante plant, nl. litjieskactus, het, in teenstelling met die imbrikaatkactus, geel blomme, effens afgeplatte segmente, en dorings sonder 'n omhulsel. Die plant is ook baie kleiner as die imbrikaatkactus (slegs sowat 0,5 m hoog).

VERSPREIDING

Imbrikaatkactus kom inheems voor in sowel die suidelike VSA as sentraal en suidelike Mexiko, en is 'n onkruid in Australië en Suid-Afrika.

Dit is nie bekend wanneer en op watter wyse die plant in Suid-Afrika ingebring is nie, maar daar kan aanvaar word dat vetplantversamelaars dit as 'n sierplant vir rotstuine die land ingebring het. Tuiniers was ongetwyfeld ook daarvoor verantwoordelik dat die onkruid so vinnig na byna alle dele van die land versprei het. Tans word imbrikaatkactus in die OVS, Natal, die suidwestelike Transvaal en die Kaapprovinsie aangetref. Die plaag neem die ernstigste afmetings aan in die Noord-Kaap - spesifiek by Douglas, Barkly-Wes, Griekwastad, Warrenton en Kimberley. 'n Aantal swaar besmettings kom ook in die Oos-Kaap in die distrikte Steytlerville, Willowmore, Oudtshoorn en Murraysburg voor. Volgens 'n verslag wat in 1983 uitgereik is, kom die onkruid in 21 distrikte, en op 208 plase, in die Vrystaatstreek voor, en beslaan 'n totale oppervlakte van 8 250 ha. By die ergste punt van besmetting, nl. 'n plaas naby Griekwastad, het 'n ondeurdringbare boskasje (tot 2,4 m hoog) bykans 85 ha grond bedek, maar dit is intussen meganies uitgeroei.

Aangesien imbrikaatkactus 'n goed aangepaste plant met 'n uitstekende verspreidingsmeganisme is, bestaan die gevaar dat dit al die woestynagtige of halfwoestynagtige veldtipes van die Kaapprovinsie kan binnedring en daar vervuil. Gewoonlik groei dit egter op goeie grond, hoofsaaklik in die gematigde somerreënstreke.

GROEI EN REPRODUKSIE

Imbrikaatkactus plant vegetatief voort en in geringer mate deur die vorming van sade. Die blomme - wat gedurende November verskyn - gee oorsprong aan geel vrugte met 'n groot aantal sade. Aangesien die vrugte egter hard en onsmaklik is, word dit nie deur mense of diere geëet nie, en is dit nie 'n belangrike metode van verspreiding nie.

Die vinnige verspreiding van die onkruid in die land kan eerder toegeskryf word aan ywerige tuiniers wat imbrikaatkactus in hulle rotstuine aanplant en dit dan toelaat om na die veld te versprei, tesame met die feit dat die doringrige stingellitte maklik van die moederplant losbreek, op die grond val en wortelskiet. Trouens, enige deel van die plant, insluitend die vrug, wat op die grond val, sal wortelskiet en oorsprong aan 'n nuwe plant gee. Hierdie eienskap maak dit besonder moeilik om die plant meganies uit te roei.

GEVARE

Die onkruidseienskappe van die imbrikaatkactus is geleë in sy vermoë om vinnig te versprei en 'n stuk grond mettertyd geheel en al in te neem. Sodoende word die weidingspotensiaal van die grond drasties verlaag, en belemmer dit die vrye deurgang van mense en diere. Die venynige dorings, met weerhake daaraan, dring die pote en vel van vee binne en veroorsaak ernstige ongerief en beserings. Daarbenewens is dit baie moeilik om die plant uit te roei as dit eers gevestig is, aangesien enige deel van die plant wat afgebreek word vegetatief kan oorsprong gee aan 'n nuwe plant.

WETGEWING

Kragtens die Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne 83 (Wet 43 van 1983) is imbrikaatkactus in die hele Republiek tot onkruid verklaar. Ingevolge hierdie regulasies mag niemand die onkruid versprei of toelaat dat dit versprei word nie. Dit mag nie binne 'n stadsgebied voorkom nie, en indien dit op enige plaaseenheid in die Republiek voorkom, moet dit doeltreffend beheer word.

BEHEER

Die cochenille-insek, *Dactylopius tomentosus* (Lamarck), is gedurende 1969 ingevoer met die doel om die plant biologies te beheer. Die insek is doeltreffend in sekere droë gebiede wes van die 26°-lengtegraad. Dit vernietig los litte en klein plante en ontblaar groot plante. Sodoende beperk dit die verspreiding van die onkruid. Groot besmette plante sal deur die insek vernietig word, mits dit naby die grondoppervlak afgekap word.

Chemiese beheermaatreëls behoort beperk te word tot sowel gebiede waar die insek nie effektief blyk te wees nie, as op klein, losstaande plante en aan die grense van swaar besmettings. Hoewel daar nog geen chemiese middels geregistreer is vir die beheer van imbrikaatkactus nie, word daar tans navorsing op hierdie gebied gedoen.

Boere wat imbrikaatkactusbesmettings op hulle plase opmerk, word versoek om met die naaste landbouvoorligtingskantoor in verbinding te tree.